

KAN EK VANDAG GOD SE KERK VIND?

God het dikwels spesiale boodskappe gegee om die behoeftes van verskillende geslagte te vervul: ‘n boodskap om Adam en Eva te help nadat sonde hulle wêreld geruïneer het, ‘n boodskap aan die wêreld voor die wêreldramp van die Vloed, boodskappe vir Israel toe Assirië of Babilon hulle bedreig het. Jesus het gekom met ‘n spesiale boodskap vir Sy geslag. En God het ‘n spesiale boodskap vir ons tyd gestuur. Hoofstukke 12 en 14 van Openbaring is ‘n opsomming van God se spesiale boodskap vir ons vandag. In hierdie ONTDEK Gids en die gids wat volg, gaan ons na hierdie boodskap kyk.

1. DIE KERK HET SY ONTSTAAN IN JESUS GEVIND

Die lewe en leer van Jesus het eenheid van geloof en nabye gemeenskap in die apostoliese kerk wat Hy tot stand gebring het, bevestig. Die apostels het ‘n intieme verhouding met die verrese Christus gehad. Paulus stel daardie hegte band voor as ‘n huweliksverhouding:

“Want ek het julle aan een man verbind, om julle as ‘n reine maagd aan Christus voor te stel.” – 2 Korinthiërs 11:2. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gids geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Volgens Paulus, is die Christelike kerk ‘n rein vrou, die bruid van Christus, ‘n gepaste simbool van Christus se geliefde kerk.

In die Ou Testament word dieselfde metafoor gebruik om Israel te beskryf as God se uitverkore volk. God het aan Israel gesê: “Ek onthou die liefde van jou bruidstyd” (Jeremia 2:2); “Ek is heer oor julle” (Jeremia 3:14).

Die boek Openbaring spreek ook van die kerk as ‘n vrou:

“En ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre.” – Openbaring 12:1.

- (1) **Die vrou is “bekleed met die son.”** Dit stel voor ‘n kerk wat soos die son skyn, omdat dit geklee is met Christus se heerlike teenwoordigheid. Jesus, “die lig van die wêreld” (Johannes 8:12) skyn deur die lidmate van Sy kerk, en hulle word op hulle beurt “die lig van die wêreld” (Mattheus 5:14).
- (2) **Die vrou het die “maan onder haar voete.”** Die maan stel die gereflekteerde lig van die evangelie voor in die offers en seremonies van God se volk in die Ou Testament. Die maan wat “onder haar voete” is, stel voor dat die gereflekteerde lig van die evangelie oortref is deur Christus se bediening.
- (3) **Die vrou het “‘n kroon van twaalf sterre op haar hoof.”** Sterre is ‘n gepaste voorstelling vir die twaalf apostels, edele manne wie se getuïenis oor Jesus tot vandag toe helder skyn.

Die beskrywing van hierdie vrou wys duidelik dat Johannes in gedagte het die oorgang van God se volk Israel, in die Ou Testament, na die Christelike kerk van die Nuwe Testament wat deur Jesus tot stand gebring is. Die son, maan en sterre beklemtoon die liggewende bediening van die Christelike kerk deur die verkondiging van die Goeie Nuus.

2. DIE DRAMA VAN SATAN SE NEERLAAG

Die binnekoms van die vrou maak ons gereed vir 'n groot drama:

“En sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.” – Openbaring 12:2-5.

Drie sleutelfigure neem deel aan hierdie drama:

- (1) **Die vrou**, alreeds geïdentifiseer as die kerk van God.
- (2) **Die manlike kind**, aan wie hierdie vrou geboorte geskenk het “word weggeruk na God en sy troon” en sal eendag “al die nasies regeer.” Jesus is die enigste kind wat ooit in hierdie wêreld gebore is wat opgeneem is na God se troon en wat eendag al die nasies sal regeer.
- (3) **Die draak** verteenwoordig die Duiwel, of Satan.

“En daar het oorlog in die hemel gekom: Migaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En DIE GROOT DRAAK is neergewerp, die ou slang WAT GENOEM WORD DUIWEL EN SATAN, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.” – Openbaring 12:7-9.

Die prentjie word duidelik wanneer ons die simbole verstaan. Toe die Duiwel en sy engele hulle “plek in die hemel” verloor het, is hulle “neergewerp” na die aarde. Toe Jesus in hierdie wêreld gebore is, het die Duiwel probeer om Jesus, die manlike kind, dood te maak net nadat Hy gebore is. Hy het nie daarin geslaag nie, en Jesus is “weggeruk” na God se troon toe.

Satan het toe te werk gegaan om die Christelike kerk uit te wis wat deur Christus gestig is. Die apostel Johannes, wat Openbaring geskryf het, het kykies van hierdie konflik wat tussen Christus en die Satan hier op aarde woed, vir ons uitgebeeld. Toe die stryd 'n klimaks met Christus se dood op die kruis bereik het, het Johannes 'n stem uit die hemel gehoor wat uitroep:

“Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus, want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.” – Openbaring 12:10. (Vergelyk Johannes 12:31 en Lukas 10:18.)

Jesus het 'n oortuigende oorwinning oor die Satan behaal by die kruis. Toe het Hy die sekerheid van die plan van “verlossing” bevestig en “krag” voorsien om die verleiding van Satan te weerstaan. “Die koninkryk van God” is meer seker gemaak en die Heiland se “gesag” om ons Hoëpriester en Koning te wees is bevestig.

“Nou het die heil ... geword” verklaar dat die hoogtepunt van die geskiedenis aangebreek het. Die geboorte van Christus, die Verlosser van die wêreld, het plaasgevind (vers 5). Ten spyte van die Satan se kwaai versoekings, het Jesus 'n sondelose lewe gevoer, gesterf en as oorwinnaar oor sonde en die dood opgestaan (vers 10). Die Kruis is in sy volle krag uitgebeeld.

Die aankondiging “nou het die heil ... geword” trek nie net Johannes se aandag nie, maar die hele heelal:

“Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.” – Openbaring 12:12.

Die ganse hemel het Jesus se oorwinning gevier. Christus het enige aanspraak wat Satan gemaak het op ‘n plek in die hemel verslaan, en ‘n oorwonne Satan het sy aanspraak op ‘n plek in ons wêreld ook verloor.

3. DIE CHRISTELIKE KERK IN KONFLIK MET SATAN

Voordat Jesus na die hemel toe opgevaar het, het hy die Christelike kerk ingestel (gesimboliseer deur die vrou). Sy dood op die kruis het aan die Christelike kerk die mag gegee om Satan te oorwin.

“En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.” – Openbaring 12:11.

Christus is nou in staat om Sy krag, die vrugte van Sy oorwinning, aan Sy kerk te gee. Jesus het sonder twyfel aan die kruis oor die Satan getriomfeer en nou gaan Hy voort om oor die Satan te triomfeer deur Sy kerk. Drie eienskappe kenmerk die oorwinnende kerk gedurende die eeue van die Christelike tydperk:

- (1) **“Hulle het hom (Satan) oorwin deur die bloed van die Lam.”** Jesus is weggeruk na God se troon sodat Hy Sy bloed kan laat werk in die lewe van Sy volgelinge. Hy kan ons rekord van sonde uitwis, ons red deur Sy bloed wat gestort is (1 Johannes 1:7) en ons die krag gee om van dag tot dag ‘n gesonde Christelike lewe te lei.
- (2) **“Hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”** “Die bloed van die Lam” het hulle gewillig gemaak om vir Christus se saak te sterf; hulle het nie van die dood weggekram nie. God het geweldig gely, dus was hierdie Christen martelare oorgewillig om te ly en te sterf. Selfs kinders het die hoogste offer gebring. Daar word ‘n verhaal vertel van ‘n Christen moeder wat vir die leeu gegooi is in ‘n Romeinse arena omdat sy haar hoogste toewyding aan Christus gegee het en nie aan die staat nie. Haar jong dogter, in plaas daarvan om in vrees weg te beur, het ‘n oorweldigende toewyding in haar gemoed voel opkom. Terwyl die leeu haar moeder aangeval het, het sy opgestaan en uitgeroep: “Ek is ook ‘n Christen.” Romeinse amptenare het haar gearrester en haar ook vir die honger gediertes gegooi.
- (3) **“Hulle het hom [Satan] oorwin ... deur die woord van hulle getuienis.”** Nie die woorde nie, maar die woord van hulle getuienis – die getuienis van hulle lewens, hulle lewende getuienis oor die krag van Jesus en Sy evangelie. Tydens die donkerste ure van die Christelike era het ‘n leërmag Christene – van die vroegste kerkvaders tot die Protestantse hervormers – die ergste wat die Duiwel na hulle toe kon gooi, oorwin, bloot deur die dinamiese getuienis van hulle lewens.

Openbaring 12:11 toon ‘n oorwinnende kerk gevul met oorwinnaars: apostels, martelare, hervormers, en ander getroue Christene. Hulle goedheid, getrouheid, dapperheid en oorwinning het deur die eeue weerklink en die wêreld in beroering gebring.

Aangesien die Satan nie daarin kon slaag om Jesus te vernietig toe Hy op die aarde geleef het nie, probeer hy om die Christus wat in Sy kerk leef, te vernietig.

“En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ‘n tyd en tye en ‘n halwe tyd. En die slang het uit sy bek water soos ‘n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.” – Openbaring 12:13-16.

Net soos voorspel, het die Satan gedurende die Donker Eeue van die Christelike tydperk, ‘n “rivier” van vervolging gestuur om die kerk “weg te voer” in sy vloed. Satan wou Christus se invloed vernietig deur Sy kerk uit te wis en hy gebruik elke strik wat sy bose denke kan bedink. Die draak stel hoofsaaklik Satan voor. Maar onthou dat die Satan menslike instansies gebruik in sy rol as draak om God se volk aan te val. Hy het die Romeinse koning Herodus gebruik in ‘n poging om die Christuskind te vermoor net nadat Hy gebore is. Hy het deur Christus se jaloerse godsdienstige vyande gewerk om die Heiland te kasty en aan te val, en uiteindelik om te verseker dat Hy op die kruis tereggestel word. Maar die Satan se oënskynlike oorwinning het Christus se grootste oorwinning geword.

Woedend omdat hy by die Kruis verslaan is, het die Satan sy woede op die kerk wat Jesus tot stand gebring het, laat losbrand. Gedurende die dekades na Christus se kruisiging, is duisende gedood in die Romeinse Kolosseum, in stadspleine, grafte en wegsteek plekke in woestyne.

Aanvanklik het wêreldse owerhede hierdie vervolging geïnisieer. Maar na die dood van die apostels het ‘n geleidelike verandering by die kerk ingesluip. Gedurende die tweede, derde en vierde eeue het baie van die kerklede begin om die waarhede wat Christus en Sy apostels geleer het, te verander. Party afvallige leiers het selfs begin om daardie Christene te vervolg wat aangedring het op die egtheid van die Nuwe Testamentiese beginsels.

Navorsers beraam dat ongeveer 50 miljoen van die getroues omgekom het. In ‘n poging om die kerk te onderdruk en dit te vernietig, het die Duiwel “‘n rivier” van vervolging gestuur om “haar [die kerk] te laat wegvoer.” “En die aarde het die vrou te hulp gekom ... en die rivier opgesluk” met ander woorde die rivier van vervolging en valse leerstellings.

Gedurende hierdie middeleeuse vervolging, het die ware kerk weggebreek van afvallige leierskap en skuiling gevind in “die woestyn, waar sy uit die gesig van die slang onderhou [kon] word, ‘n tyd en tye en ‘n halwe tyd” (vers 6). Hierdie voorspelling is vervul gedurende die 1260 jaar van vervolging van 538 v.C. tot 1798 (‘n dag staan dikwels vir ‘n jaar in simboliese Bybelse profesie, kyk Esegieël 4:6).

Gedurende hierdie donker eeue, het getroue Christene wat in die Bybel glo skuiling op enige plek waar hulle kon, gevind; byvoorbeeld, in die Waldensiese valleie van wes-Italië en oos-Frankryk in en die Keltiese kerk van die Britse eilande.

4. GOD SE KERK VANDAG

Dit bring ons tot by die huidige tyd – na die ware kerk van Christus seder 1798. Soos verwag kan word, is die Draak nog steeds woedend met God se volk. Die groot onsigbare oorlog gaan voort. Om die waarheid te sê, die Satan maak sy grootste aanval op die kerk net voor Jesus se wederkoms.

“En die draag was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooi van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” – Openbaring 12:17.

Hierdie profesie fokus op ons tyd. Satan is woedend; hy voer oorlog met “haar ander nakomelinge” – God se volk van vandag. Let op hulle kenmerke:

- (1) **Hierdie hedendaagse gelowiges “bewaar die getuienis van Jesus.”** Deur getrou vas te hou aan die suiwer leerstellings van die Woord van God, getuig hulle vir Jesus deur dinamiese Christelike lewens.
- (2) **Hierdie hedendaagse Christene is mense van profesie.** Deur die “getuienis van Jesus Christus” te ontvang het Johannes in staat gestel om die Boek Openbaring te skryf (Openbaring 1:1-3). Die finale groep gelowiges ontvang ‘n soortgelyke gawe: direkte getuienis van God deur ‘n aardse boodskapper. Hulle gawe van profesie fokus op God se openbaring van hulle sending en hulle finale bestemming.
- (3) **Hierdie hedendaagse Christene word ook geïdentifiseer as hulle “wat die gebooie van God bewaar.”** Hulle verdedig nie net die integriteit van die Tien Gebooie nie, maar hulle is ook gehoorsaam daaraan. God se liefde in hulle harte veroorsaak vreugdevolle gehoorsaamheid (Romeine 5:5; 13:8-10).

Hierdie Christene van die laaste dae volg die voorbeeld van Christus en die vroeë kerk deur gehoorsaam te wees aan die gebooie van God. Dit ontstel die Draak – die Duiwel, geweldig. En hy voer oorlog met die “ander nakomelinge” van die vrou omdat hulle getuig dat liefde vir God gehoorsame dissipels lewer. Soos Jesus beveel het:

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie.” – Johannes 14:15.

Die lewens van hierdie Christene van die laaste dae toon dat dit moontlik is om God lief te hê met ons hele hart en ons medemens net soos onself. Volgens Jesus, som hierdie eienskappe, liefde vir God en liefde vir mense, die Tien Gebooie op (Mattheus 22:35-40).

Die vierde van hierdie gebooie vra ons om Saterdag, die sewende dag van die week, as die Sabbat te hou. Aangesien ‘n liefde vir Jesus al tien die gebooie in hulle harte vasgelê het, is hierdie Christene van die laaste dae, Sabbat onderhouers.

Die Sabbat is midde-in God se finale boodskap aan Sy volk in Openbaring hoofstukke 12 en 14:6-15. Al die hulpbronne van die hemel staan saam agter die Christene van die laaste dae wat in hierdie hoofstukke beskryf word. ‘n Lewende Verlosser is hulle voortdurende metgesel, en die Heilige Gees werk om hulle te versterk in die innerlike mens. Die belofte is verseker. Hulle *sal* die Satan oorwin “deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis” (Openbaring 12:11).

Is dit jou begeerte om een van hierdie Christene van die laaste dae te wees wat “die gebooie van God bewaar” en “die getuienis van Jesus Christus hou?” Waarom maak jy nie sommer nou daardie besluit nie?